Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: laervolk@netactive.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

30-01-2012

Geagte Ouers en Leerders

OMSENDBRIEF NR. 3 VAN 2012

1 **GEDAGTE VAN DIE WEEK:**
Ps 90:12 - *"Leer ons ons dae so gebruik dat ons wysheid bekom".*
Al die mammas wat wil of kan, ook mammas wat stilgebed verkies, word genooi om saam te kom bid elke Vrydagoggend om 07:30 in die personeelkamer.

2 DIE SKOOL VERDAAG DONDERDAG, 2 FEBRUARIE 2012 OM 13:00

3 **KULTUURAANDVERGADERING: GRAAD 7 OUERS**
Ons vra asb. vir al ons Graad 7 ouers om Dinsdag, 31 Januarie om 18:30 in die personeelkamer van Laer Volkskool bymekaar te kom vir die koördineringsvergadering van die Kultuuraand .

4 **RUGBY- EN NETBALBRAAI: 1 FEBRUARIE 2012**
U het vandag, elkeen 'n uitnodiging ontvang na ons funksie wat op 1 Februarie 2012 om 18:00 in die skoolsaal plaasvind.
Ons wil al ons pappas en mammas vanaf 0/7 - 0/13 uitnooi om teenwoordig te wees, aangesien ons die rugby- en netbalseisoen van 2012 wil bespreek en afskop. Ons hoop om Derrick Kuün van die Blou Bulle ook hier by ons te ontvang as gasspreker.
Na die funksie is daar 'n bring en braai in die vierkant. Bring net u eie vleis, drinkgoed en glase. Eetgerei - borde, messe en vurke - pap, sous en vure word verskaf.
Voltooi asb. die skeurstrokie en stuur dadelik terug skooltoe.

5 **OUERAAND: GRAAD RR, R EN 1**:
Neem kennis, die Graad RR, R en 1 Oueraand vind plaas op 15 Februarie om 18:00 in die skoolsaal.

6 **ATLETIEK: 2 FEBRUARIE 2012**
Baie geluk aan al ons atlete wie so pragtig presteer het op Ruimsig Stadion die afgelope naweek! Ons is trots op elkeen wat deelgeneem het.

Ons neem **Donderdag, 2 Februarie 2012 by Boksburg Stadion** deel. A.g.v.

atletiekprogram wat om 14:00 begin, sal die **nie-atlete om 13:00 verdaag**. Atlete sal addisionele inligting ontvang.

Atletiekdatums: (Inligting sover moontlik):

6 Februarie	Risiville	Weg/ Middag-aand byeenkoms
9 Februarie	Suikerbos atletiek te Nigel	Weg
14 Februarie	Cluster	te Hoër Volkskool - 11:00
21 Februarie	Greater Lesedi	
25 Februarie	D7	
2/3 Maart	Gauteng atlete	

7 **KULTUURAAND 2012:**

Ons jaarlikse Kultuuraand, met Romanz as gaskunstenaars, vind plaas op 24 Februarie 2012. Kaartjies is beskikbaar in die Finansiële kantoor van Laer Volkskool teen R250 per persoon.

8 **JAARBLAD**:

* Laer Volkskool se 2011 Jaarblad is beskikbaar teen R110 per blad. Daar is slegs enkeles beskikbaar.
* Ouers, u is welkom om foto's van leerders tydens sportgeleenthede, vir ons op 'n CD te plaas sodat ons dit kan gebruik op die School Communicator en web-blad.

9 **PRODUKSIE 2000**:

Op Woensdag, 8 Februarie 2012, bied Produksie 2000 weer 'n opvoering aan vir al ons leerders. Koste beloop R15 per leerder.

10 **FINANSIES**:

U het elkeen 'n pakkie dokumente ontvang. Stuur asb. so spoedig moontlik vir ons die voltooide vorms terug.

11 **VOORTREKKERS**:

Die Voortrekkers begin weer Dinsdag, 31 Januarie om 17:00 - 18:00 by die Gereformeerde Kerk. Vir navrae Marlize 083 704 2699.

12 **SKAAK**:

Saterdag, 4 Februarie bied Life Ministries 'n Skaaktoernooi aan by Hoër Volkskool. Dis 'n gegradeerde toernooi - m.a.w. spelers maak punte bymekaar om in aanmerking te kom vir die provinsiale span. Soveel moontlik Volkies moet asb. die toernooi bywoon. Inskrywingsvorms is beskikbaar by Mev Estie Kruger.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF